



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES V1

NOVEMBER 2024

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.
 AFDELING A: VERPLIGTEND
 AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
 Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
 AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
 Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.
- Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.
 Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoord op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.
- Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
- Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
- Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
- Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	30	20
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	2	40	70
	3	40	
	4	40	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	5	40	30
	6	40	
TOTAAL		150	120

- Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.
- Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
- Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet voorkom diskriminasie op grond van ras, geslag en gestremdheid in die werkplek:

- A Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008)
- B Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
- C Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997)
- D Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)

1.1.2 Niemand Handelaars ondervind 'n hoë werknemer-omset. Dit word as 'n ... in die SSGB-ontleding geklassifiseer.

- A swak punt
- B bedreiging
- C geleentheid
- D sterk punt

1.1.3 Mabasa Ondernemings het ... beheer oor verskaffers wat die pryse van hulle produkte verhoog (nie).

- A volle
- B geen
- C beperkte
- D totale

1.1.4 Die rol van die aansoeker tydens 'n onderhoud is om ...

- A die onderhoudvoerder gemaklik te laat voel.
- B die doel van die onderhoud aan die paneel te verduidelik.
- C antwoorde op moontlike vrae voor te berei.
- D vrae te vra om duidelikheid oor die pos te kry.

1.1.5 Besighede gebruik masjinerie en toerusting optimaal gedurende die ...-funksie.

- A aankoop
- B produksie
- C bemarkings
- D administrasie

(5 x 2) (10)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

werkgewer; sekondêre; plasing; terugwaartse vertikale; beplan; keuring; voorwaartse vertikale; handel; werknemer; tersiêre

- 1.2.1 Die ... het die reg om 'n wettige staking te onderneem as 'n regstelling vir griewe.
- 1.2.2 Sizwe Bakkery het die ...-integrasiestrategie toegepas toe hulle 'n koringplaas gekoop het.
- 1.2.3 Fazzel Haarsalon word in die ... sektor bedryf aangesien hulle in die verkoop van haarprodukte spesialiseer.
- 1.2.4 Die werknemer se kwalifikasies en vaardighede word gedurende die ...-prosedure by die vereistes van die pos gepas.
- 1.2.5 Monwa Plastiek hersien voortdurend hulle prosesse om die gehalte van hulle produkte te verbeter. Dit staan as die ...-stap in die BDKH-model bekend.

(5 x 2)

(10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Leerlingskap	A	proses om potensiële kandidate vir beskikbare vakante poste te vind
1.3.2	Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1997 (Wet 61 van 1997)	B	groot besighede kan as gevolg van swak kommunikasie doeltreffende opleiding voorkom
1.3.3	Werwing	C	verseker dat die eienskappe van goedere 'n spesifieke behoefte bevredig
1.3.4	Gehaltebeheer	D	beskerm werknemers wat as gevolg van 'n werkplekongeluk arbeidsongeskik raak
1.3.5	Voldoende finansiering en kapasiteit	E	praktiese opleidingsgeleenthede wat tot 'n erkende kwalifikasie lei
		F	proses om 'n kandidaat se geskiktheid vir die pos te bepaal
		G	beskerm werknemers wat onbillik by die werkplek afgedank word
		H	praktiese opleidingsgeleenthede vir deurlopende professionele ontwikkeling
		I	groot besighede kan bekostig om stelsels in te stel om defekte in produkte te voorkom
		J	verseker dat klaarprodukte aan die vereiste standaarde voldoen

(5 x 2)

(10)

TOTAL AFDELING A:**30**

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

- 2.1 Noem enige TWEE soorte diversifikasiestrategieë. (2)
- 2.2 Beskryf kortliks die voordele van intensiewe strategieë. (6)
- 2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MONDO VERVAARDIGERS (MV)

Mondo Vervaardigers spesialiseer in die produksie van winterkomberse. MV stort hulle chemiese afval van die vervaardigingsproses in die plaaslike rivier om koste te bespaar.

- 2.3.1 Noem die PESTWO-faktor wat in die scenario hierbo op MV van toepassing is. (2)
- 2.3.2 Beveel maniere aan waarop MV die uitdagings, gestel deur die PESTWO-faktor wat in VRAAG 2.3.1 genoem is, kan hanteer. (4)
- 2.4 Bespreek enige TWEE soorte defensiewe strategieë. (6)
- 2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LASS VERSKAFFERS (LV)

Lass Verskaffers het die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) toegepas. Hulle het Sandile tot 'n senior uitvoerende pos bevorder om op hulle direksie te dien.

- 2.5.1 Noem die pilaar van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) wat LV in die scenario hierbo toegepas het. (2)
- 2.5.2 Beskryf die doel van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003). (4)
- 2.6 Verduidelik maniere waarop besighede aan die Wet op Verbruikers-beskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) kan voldoen. (4)
- 2.7 Bespreek die impak van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995) op besighede. (6)
- 2.8 Gee besighede raad oor die strategiese bestuursproses. (4)

[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHED

- 3.1 Noem enige VIER bronne van interne werwing. (4)
- 3.2 Beskryf kortliks die rol van die onderhoudvoerder voor die onderhoud. (4)
- 3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TOBBI LOGISTIEK (TL)

Tobbi Logistiek het 'n indiensnemingskontrak vir Thabo, 'n pas aangestelde vervoertoesighouer, opgestel. Bestuur het die bepalings en voorwaardes van die indiensnemingskontrak aan hom verduidelik. Thabo het die geleentheid gekry om die kontrak te lees voordat hy dit geteken het. TL het ook die redes beklemtoon waarom 'n indiensnemingskontrak beëindig kon word.

- 3.3.1 Haal TWEE regsvereistes van 'n indiensnemingskontrak uit die scenario hierbo aan. (2)
- 3.3.2 Gee besighede raad oor die redes vir die beëindiging van 'n indiensnemingskontrak. (4)
- 3.4 Bespreek die implikasies van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998) op die menslikehulpbron-funksie. (6)
- 3.5 Beskryf kortliks die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (4)
- 3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MOOSA BEPERK (MB)

Moosa Beperk verkoop bergingshouers aan klein besighede. MB hou hulle boekhoudingsrekords deurlopend op datum om te verseker dat hulle belastingbetaling aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) betyds en akkuraat is.

- 3.6.1 Identifiseer die besigheidsfunksie wat op MB in die scenario hierbo van toepassing is. (2)
- 3.6.2 Verduidelik ander gehalteaanwysers van die besigheidsfunksie wat in VRAAG 3.6.1 geïdentifiseer is. (4)
- 3.7 Bespreek die impak van totale klante-/kliënte-tevredenheid as 'n element van totale gehaltebestuur (TGB) op groot besighede. (6)
- 3.8 Beveel maniere aan waarop totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte kan verminder. (4)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

- 4.1 Noem enige VIER bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997). (4)
- 4.2 Beskryf kortliks die regte van verbruikers ten opsigte van die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005). (6)
- 4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SKOENBOETIEK (SB)

Skoenboetiek het 'n strategie ingestel wat daarop gemik was om hulle kliëntediens te verbeter as gevolg van 'n afname in verkope. Die bestuur van SB het die doeltreffendheid van hulle strategie geëvalueer. SB het dwarsdeur die implementeringsproses die onderliggende basis van hulle strategie bestudeer. Hulle het ook die impak van die geïmplementeerde strategie op hulle interne en eksterne omgewings geanaliseer.

- 4.3.1 Haal TWEE stappe in strategie-evaluering wat deur SB geïmplementeer is, uit die scenario hierbo aan. (2)
- 4.3.2 Verduidelik ander stappe in strategie-evaluering. (4)
- 4.4 Gee besighede raad oor hoe hulle die mag van verskaffers as 'n krag van Porter se Vyf Kragte-model kan toepas om hulle posisie in die markomgewing te analiseer. (4)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHED

- 4.5 Noem enige VIER aspekte wat by 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word. (4)
- 4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

MPHEMBA KONSTRUKSIE (MK)

Mphemba Konstruksie het 'n posontleding vir die vakante pos van 'n projekbestuurder opgestel. MK het aangedui dat aansoekers 'n diploma in konstruksie moes hê. Die suksesvolle kandidaat sal vorderingsverslae oor aangewese projekte opstel.

Identifiseer TWEE komponente van 'n posontleding wat deur MK gebruik is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.6 te beantwoord.

KOMPONENTE VAN 'N POSONTLEDING	MOTIVERINGS
1.	
2.	

- 4.7 Verduidelik die rol van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels. (6)
- 4.8 Gee besighede raad oor die gehalteaanwysers van die algemene bestuursfunksie. (4)

[40]**TOTAAL AFDELING B: 80**

AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die basiese doelwit van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998) is om die kennis en vermoëns van die werksmag uit te brei. SOOO's is gestig om die implementering van die WVO te fasiliteer. Daar word van besighede verwag om aan hierdie Wet te voldoen en ten volle vertrouwd met die vereistes daarvan te wees.

Skryf 'n opstel oor die Wet op Vaardigheidsontwikkeling waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die rol van SOOO's in die ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling.
- Verduidelik die doel van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling.
- Bespreek die impak van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling op besighede.
- Beveel maniere aan waarop besighede aan hierdie Wet kan voldoen.

[40]**VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKEHULPBRON-FUNKSIE)**

Besighede wat die korrekte keuringsprosedures volg, is in staat om geskikte en gekwalifiseerde kandidate vir vakante poste te identifiseer. Hulle gebruik ook verskillende salarisbepalingsmetodes om te verseker dat hulle werknemers korrek vergoed word. Besighede wat byvoordele en induksie vir nuwe werknemers aanbied, sal meer waarskynlik 'n produktiewe werksmag hê.

Skryf 'n opstel oor die menslikehulpbron-funksie waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die keuringsprosedure as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit.
- Verduidelik die TWEE salarisbepalingsmetodes.
- Bespreek die impak van byvoordele op besighede.
- Gee besighede raad oor die voordele van induksie.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150